


**AFRIKAANS HUISTAAL**  
**GRAAD 10**  
**HUISWERK – WEEK 8**  
**11-14 AUG 2020**

**GRAAD 10 – WOORDSOORT OEFENING 3**

**OPDRAG:** Lees die Peanuts-strokjie hieronder en beantwoord die vrae wat volg:



**BRON:** *Huisgenoot*, 28 Mei 1987

1. Voorsien die ontbrekende woord in elk van die volgende stellings:
  - 1.1 **Geheim** word in blok 2 gebruik as 'n .... s.nw. (1)
  - 1.2 Die woord **pateties** word hier as 'n bywoord van ... gebruik. (1)
  - 1.3 Die infinitief in hierdie blok is... (1)
2. Die soortnaam **vrou** kan twee meervoudsvorme hê. Skryf die meervoudsvorm wat nie in blok 3 gebruik word nie neer. (1)
3. Skryf die intensiewe vorm van **ryk** soos dit in blok 3 voorkom neer, (1)
4. Skryf die manlike en vroulike vorm van **hond** neer. (2)
5. Soek in blok 3 'n voorbeeld van 'n voornaamwoord wat gebruik word om sinne te verbind. Skryf net die woord neer. (1)
6. Benoem die woordsoortelike funksie van **altyd** in blok 3 volledig. (1)

7. In blok 3 is 'n voorsetsel weggelaat. Skryf die gepaste voorsetsel neer. (1)
8. Let op die gebruik van die voornaamwoord **hulle** in blok 4. Na wie verwys die **hulle**? (2)
9. **Laai** is in blok 4 deel van die werkwoord **oplaai**. Maak 'n sin waarin jy **laai** as 'n soortnaam gebruik. (1)
10. Fokus op die gebruik van die byvoeglike naamwoorde in blok 4.
- 10.1 Skryf die intensiewe vorm van **wit** neer. (1)
- 10.2 Dink jy dit sou gepas wees om die intensiewe vorm van **warm** in hierdie strokie te gebruik? Motiveer jou keuse. (2)
- 10.3 Maak 'n sin van jou eie waarin jy snoesige in die onverbuigde vorm en predikatief gebruik. (1)
11. Voorsien die voegwoord wat aan die begin van blok 5 kort. (1)
12. Bewys dat **as** (blok 6) ook 'n soortnaam kan wees. (1)
13. **Aantrek** is 'n werkwoord waarvan ons die dele kan skei. Maak 'n sin waarin jy aantrek as twee aparte woorde gebruik. (1)
14. Skryf die volgende (aangepaste) sin uit die strokie oor in die verlede tyd: Vroue kry honde wat in die reën staan altyd jammer. (2)
15. Watter versamelnaam gebruik ons gewoonlik saam met:
- 15.1 honde (1)
- 15.2 hondjies wat so pas gebore is. (1)

**GEBUIK DIE GRAPPIE OM DIE VOLGENDE OPDRAGTE UIT TE VOER:**

V: Wie was eerste in die bed: die hasie of die krokodil?

A: Die hasie, want hy hoef net twee tande te borsel.

L. SAAYMAN, SABIE

Bron: **Huisgenoot**, 27 Junie 2019

16. Skryf die verkleiningsvorm van **krokodil** neer. (1)  
**Krokodilletjie** ✓
17. Kies die korrekte woord tussen hakies: In hierdie grappie word **eerste** gebruik as 'n (onbepaalde hooftelwoord / bepaalde hooftelwoord / bepaalde rangtelwoord / onbepaalde rangtelwoord) en **twee** word gebruik as 'n (onbepaalde hooftelwoord / bepaalde hooftelwoord / bepaalde rangtelwoord / onbepaalde rangtelwoord) (2)
18. Soek in die teks 'n woord wat by die volgende beskrywing pas:
- 18.1 'n vraende voornaamwoord (1)
- 18.2 'n koppelwerkwoord wat in die verledetydsvorm gebruik is. (1)
- 18.3 'n eienaam (1)

**[30]**